

## Die doop en invulling van die Heilige Gees



---

### Sabbatmiddag

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

Markus 1:8; Efesiërs 5:18; Handeling 13:52; Lukas 11:8-10; Handeling 5:32; Galasiërs 5:16-26.

#### Geheeteks:

“‘n Dief kom net steel en slag en uitroei; EK het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.” (Joh. 10:10, AFR83).

**A**s Christene moet ons vervul wees met die Heilige Gees. Sonder Hom sal ons getuieis kragteloos wees en ons Christelike lewe niks anders as ‘n las nie. Ons beskik dalk oor geleerdheid, talent, en spraakvermoë, maar sonder die Gees kan ons nie die lewe ervaar soos God dit vir ons bedoel het nie. Ons sal Christene slegs in naam wees, en ‘n ‘n Christen in naam is hoegenaamd geen Christen nie.

Jesus wil egter hê dat ons ons lewe ten volle moet uitleef. Hy wil vir ons die lewe gee soos wat dit bedoel was; ‘n vervulde en betekenisvolle lewe wat geanker staan in die Bron van alle lewe: Jesus Christus. Hy is die Skepper van alle lewe, en die enigste weg tot die waarheid. “Ek is die weg, die waarheid, en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” (Joh. 14:6). Hierdie volheid is slegs moontlik deur aan Hom verbind te wees, en dit kan slegs gebeur deur die werking van die Heilige Gees in ons lewens.

Hierdie week se studie behels die doop met die Gees en wat die Bybel sê wat die betekenis daarvan is om met Hom gevul te wees. Ons gaan ook na bewyse kyk wat daarvan getuig dat ons, inderdaad, met die Heilige Gees gevul is.

\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 4 Februarie.

# Die doop en die Heilige Gees

**Lees** Markus 1:8 (vergelyk met Matt. 3:11, Luk. 3:16, en Joh. 1:33), Handeling 1:5, en Handeling 11:16. Watter ander ritueel van aanneming gaan saam met die doop van die Heilige Gees?

---

In die Nuwe Testament is daar slegs sewe gedeeltes wat van doop in die Heilige Gees praat. Vier van daardie gedeeltes gaan terug na Johannes die Doper en wys na Pinkster. Hier word die Heilige Gees uitgestort om die begin van die “laaste dae” van die verlossingsgeskiedenis in te lui.

Johannes, in teenstelling met die ander Evangelies, gebruik egter nie die toekomstige tyd wanneer hy van die doop van die Gees praat nie. In stede hiervan gebruik hy ‘n teenwoordige tyd, wat daarop dui dat dit iets is wat voortdurende waarde het (*lees Joh. 1:33*). Dieselfde tydsaanduiding word ‘n paar verse vroeër in Johannes 1:29 gebruik waar Johannes van ‘n ander belangrike werk van Jesus praat: die sondes wat Hy van die wêreld wegneem. Die bediening van Jesus bestaan uit die verwydering van ons sondes, en die uitstorting van die Heilige Gees. Hierdie tweevoudige ondervinding word ook gerapporteer in Handeling 2:38. Nadat hulle oë geopen is tot Christus, het die dissipels albei ontvang: vergifnis van sondes, en die Heilige Gees. Dieselfde ondervinding van die gelowiges in Kornelius se huis word in Handeling 10:43, 44 en later in Handeling 11:16 opgeteken. Doop met water staan bekend as die bekeringsdoop (*Hand. 19:4*). Wanneer ons ons van sonde bekeer en in die naam van Jesus gedoop word, ontvang ons ook die Heilige Gees (*Hand. 2:28-39*). In die Nuwe Testament gaan die ontvangs van die Heilige Gees en die doop saam. Dit is ‘n teken van ons nuwe geboorte. In die doop word ons met Christus geïdentifiseer, en Jesus gee aan ons die Heilige Gees sodat ons in sy krag kan leef en die goeie nuus kan verkondig. Die doop van die Gees is geen sekondêre daad van genade op ‘n latere stadium in die lewe wat sommië met wonderwerkende gewas assosieer nie.

In 1 Korintiërs 12:13 het Paulus nie die unieke ervaring van Pinkster in gedagte nie, maar eerder die ondervinding van al die gelowiges. Hy verklaar dat ons almal deur een Gees in een liggaam gedoop word, en ons almal drink van een Gees. Paulus beklemtoon eenheid. Die woord “almal” is belangrik. Paulus verbind die inlywing van alle gelowiges in die liggaam van Christus met die doop van die Gees.

**Wat was jou eie ervaring in jou doop met die Heilige Gees? Wat het Hy in jou lewe beteken? Hoe sou jy wees sonder dat Hy in jou werksaam is?**

---

## Gevul met die Heilige Gees

**Lees Efesiërs 5:18, Handeling 13:52, en Romeine 8:9. Wat beteken dit om met die Heilige Gees gevul te wees? Hoe gebeur dit in mens se lewe dat jy met die Gees gevul word?**

---

---

---

Nadat ons gedoop is, behoort ons aan Christus, en behoort ons in die krag van die Gees te leef. Om dit te laat gebeur, moet ons met die Gees gevul wees. Daar is talle verwysings in die Nuwe Testament waar mense met die Heilige Gees gevul is (*Luk. 1:41, 67; Hand. 2:4; 4:8, 31; 9:17; 13:9*). Die apostel Paulus gebruik die woord vervul om daarmee te bedoel dat 'n persoon 'n algehele oorgawe aan God gemaak het, en ontvanklik is vir die leidende invloed van die Heilige Gees sodat God se eie werk in 'n persoon se lewe tot voltooiing kan kom.

Indien ons onself oorgee aan die invloed van alkohol, sal ons handel en wandel, en denke negatief geraak word. Wanneer ons met die Heilige Gees gevul is, sal elke aspek van ons lewens toegewy wees aan sy tranformerende invloed, met die gevolg dat ons handel en wandel en denke Jesus reflekteer. Terwyl die Gees gegee word deur die geloof te hoor (*Gal. 3:2*), word Hy ook ontvang deur geloof (*Gal. 3:14*) met ons doop (*Titus 3:5, 6*), maar ons moet nog steeds elke dag die invulling van die Heilige Gees verlang. Ons kan nie voortleef deur 'n enkele kragtige ondervinding wat ons verlede jaar, of verlede maand, of selfs gister gehad het nie. Ons het daaglik die invulling van God se Gees in ons lewens nodig, want elke dag bring sy eie uitdagings.

In die Grieks van Handeling 13:52 word die term gevul in die onvoltooide tyd aangedui, wat daarop wys dat dit 'n aanhoudende aksie is. Die letterlike betekenis daarvan is om “voortdurend gevul te word”. Om met die Gees vervul te word, is nie 'n eenmalige gebeurtenis nie. Dit is iets waarna ons daaglik verlang en daaglik ontvang. Die invulling moet herhaal word sodat elke deel van ons lewens gevul is met sy teenwoordigheid, en ons in staat gestel is om te leef soos ons veronderstel is om te leef. Deur met die Heilige Gees gevul te wees beteken nie noodwendig dat ons meer van Hom besit nie, maar dat Hy meer van ons besit. Slegs wanneer ons alle aspekte van ons lewens daaglik aan die Gees toevertrou, kan Hy ons gebruik tot God se heerlikheid. “Ek wil dit graag onder julle aandag bring dat diegene in wie se hart Jesus deur geloof woon, het eintlik die Heilige Gees ontvang. Elke individu wat Jesus ontvang as sy persoonlike Verlosser, sal net so sekerlik die Heilige Gees ontvang om sy Raadsman, Heiligmaker, Gids, en Getuie te wees.”—Ellen G. White, *Manuscript Releases*, vol. 14, p. 71.

## Voorwaardes: deel 1

God se Woord dui daarop dat sekere voorwaardes nagekom moet word om die Gees toe te laat om in ons te woon. Gedurende die volgende twee dae gaan ons hierdie voorwaardes van naderby bekyk.

### **Lees Handeling 2:37, 38. Wat is die eerste voorwaarde om die Heilige Gees te ontvang?**

---

Een voorwaarde om die gawe van die Heilige Gees te ontvang, is bekering. Ons bewussyn word opgewek wanneer ons die Woord van God hoor. Dit kan ons lei tot die gewaarwording van ons ware sondigheid en verlore toestand. Ware bekering (en berou) is meer as net 'n gevoel van jammerte oor die haglike gevolge van ons sonde. Dit is 'n deeglike verandering van die hart en verstand sodat ons ons sonde sien vir wat dit werklik is: 'n lelike boosheid en rebellie teenoor God. Die enigste wyse waarop ons ware bekering kan ondervind, is om deur die liefde van God aangeraak te word: "God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?" (*Rom. 2:4, AFR83*).

### **Lees Galasiërs 3:14 en Jakobus 1:6-8. Waarom kan ons nie die Heilige Gees ontvang sonder om God se Woord te vertrou nie?**

---

Jesus het beloop om die Gees as sy verteenwoordiger te stuur. Daardie belofde gawe ontvang ons in geloof. Maar wanneer ons twyfel aan God se belofte en nie op sy Woord vertrou nie, is ons net soos 'n persoon wat op twee gedagtes hunker, en kan ons nie verwag om enigiets van God te ontvang nie. Geloof is veel meer as intellektuele instemming. Dit is om ons lewens op die spel te plaas, en te vertrou dat God sy Woord sal hou en ons nie in die steek sal laat nie, ongeag van wat ook al gebeur.

### **Lees Lukas 11:8-10, 13. Waarom maak gedurige voorbedding 'n verskil?**

---

God is nie huiwerig om die Gees aan ons te gee nie. God is goed en welwillend, meer as wat ons selfs vir ons eie kinders kan wees. Ons voortdurende voorbedding laat Hom nie van gedagte verander nie. Ons gebede verander ons, en bring ons in die teenwoordigheid van God. Gebed bring nie God af na ons toe nie, maar bring ons op na Hom. Ons gebede is slegs 'n bekendmaking van ons vasberadenheid, en dit berei ons voor om die gawe te ontvang.

**Hoe kan ons leer om vuriger, pligsgetrou en self-opofferend in ons eie gebedslewe te wees? Waarom is dit belangrik dat ons hierdie dinge leer?**

## Voorwaardes: deel 2

**Lees Handeling 5:32. Waarom is gehoorsaamheid ‘n belangrike voorwaarde om die Heilige Gees te ontvang?**

---

Destyds, soos tans ook, word die Heilige Gees aan almal gegee wat aan God gehoorsaam is. In die Bybel gaan liefde en gehoorsaamheid hand aan hand, en ware geloof kom tot uiting in gehoorsaamheid. As ons met ons hele hart op God vertrou, sal ons sy gebooië bewaar. Jesus het gesê: “As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak” (*Joh. 14:23*). Gehoorsaamheid is ‘n keuse wat mens maak tot ‘n leefwyse waarin jy God se wil volg soos wat dit tot uitdrukking kom in die wet van God. Ons moet in gehoorsaamheid voortgaan as ons Jesus wil erken as ons Here (*Luk. 6:46*). In 1 Johannes 2:4, 5 word ons meegedeel: “Hy wat sê: Ek ken hom – en sy gebooië nie bewaar nie – is ‘n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.” Dit is sterk woorde. Johannes sê ook: “En hy wat sy gebooië bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het” (*1 Joh. 3:24*). Wanneer ons doen wat God beveel het, sal ons gemoedsrus hê.

**Lees Judas 18-21. Waarom behoort ons alle onreinheid te vermy indien ons met die Gees vervul wil word?**

---

Die vuur van die Heilige Gees kan nie aanhou brand in ons lewens as ons gedagtes tot die wêreld gerig is nie. Die Heilige Gees tree baie sensitief op teenoor die bestaan van alle sonde en wêreldlikheid in ons lewens. Daarom moet ons onself in die liefde van God bewaar, en in gebed aan Hom verbind bly sodat ons alle onreinhede sal verban en ‘n gees van krag, liefde en dissipline sal openbaar (*2 Tim. 1:6, 7*). Slegs deur ernstige en fel stryd met onself kan ons die soort mens wees wat ons behoort te wees. Natuurlik kan ons dit nie self doen nie: die stryd is ons keuse – ons gee ons wil totaal oor aan die influistering van die Gees, of ons laat toe dat ons deur die vlees oorheers word. Ons moet hierdie keuse maak.

**“Daar is geen perke aan die bruikbaarheid van iemand wat homself verloën en toelaat dat die Heilige Gees op sy hart inwerk en sy lewe geheel en al aan God toewy nie.”—Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, pp. 250, 251. Hoe kan jy hierdie woorde van toepassing maak in jou eie geestelike lewe?**

## ‘n Self-gesentreerde lewe versus ‘n Christus-gesentreerde lewe

**Lees Galasiërs 5:16-26 en vergelyk dit met Efesiërs 5:1-9, 17-20. Skryf die verskille op tussen ‘n self-gesentreerde lewe en ‘n lewe gevul met die Gees.**

Die lewe van ‘n persoon wat nie in die Gees leef nie is radikaal verskillend van die lewe en waardes van iemand wat met die Gees gevul is.

Self-gesentreerde Persoon	Gees-beheersde Persoon
Verlang na dit wat sondig en onbehaaglik vir God is	Verlang na geestelike dinge wat God behaag
Word beheer deur sondige passies	Word beheer deur die Gees
Misbruik sy/haar vryheid en word ‘n slaaf van die sonde	Is vrygemaak van die sondebande en word geroep om vry in Christus te wees
Is ongehoorsaam aan God se wil	Is gehoorsaam aan God se wil
Is genotsugtig	Is self-opofferend
Vertoon die vrug van sonde	Vertoon die vrug van die Gees
Miskien die behoefte aan vergifnis van sonde en is trots op self	Erken die behoefte aan vergifnis en loof Jesus vir wat Hy gedoen het

Die lewe van ‘n persoon wat vervul is met die Gees van God word gekenmerk deur ‘n liefdevolle gehoorsaamheid aan God se wet en ‘n tere gees van medelyde vir ander (*1 Kor. 2 Kor. 5:14*). Om vernuwe te wees in jou verstand en gedagtegang, en om ‘n nuwe hart en nuwe uitkyk op die lewe te kan ontvang, sal ons waardes en gedrag verander. Ons wil nie langer op ons eie krag leef nie, maar in oorgawe aan die Heilige Gees (*Gal. 3:3*). Ons kan nie onself transformeer nie. Ons besit nie die ware krag om onself te verander nie, want die sonde is so diepgaande in ons gevestig. Die hernuwende energie moet van God kom. Die verandering van binne kan slegs suksesvol wees deur die hervormende werk van die Heilige Gees. Geen blote uitwaartse verandering, soos om een of ander slegte gewoonte te vermy, maak van ons Christene nie. Die verandering moet uit die hart kom wat deur die Heilige Gees vernuwe is. Dis ‘n leeftyd se arbeid. Dis ‘n werk wat sy hoogte- en laagtepunte sal hê, maar ‘n werk wat God beloop het Hy sal verrig indien ons alles aan Hom oorgee. “[O]mdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat ‘n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus” (*Fil. 1:6*).

**Op watter gebiede van jou lewe sien jy die selfsugtige, self-gesentreerde eienskappe na vore kom, en op watter gebiede sien jy ‘n lewe wat die werking van die Heilige Gees in jou reflekteer? Wat verklap jou antwoord van jouself en die keuses wat jy sal moet maak?**

## Verdere leeswerk:

Dit is heeltemal normaal vir enige persoon om beheer in sy eie lewe te soek. Ons maak normaalweg staat op ons eie pogings om soveel as moontlik te vermag. Terwyl baie mense hulle hele lewe lank op soek is na beheer, het ander 'n ongesonde vrees om juis beheer te verloor. Hierdie menslike dilemma vind slegs by God 'n antwoord. Hy verlang daarna dat jy volle beheer aan Hom sal oorgee, want Hy is jou Skepper en Verlosser. Hy ken jou en het jou so lief soos niemand anders kan nie. Dit open die deur vir Hom om in jou lewe te werk. Deur te kies om jou wil aan God se Heilige Gees oor te gee, sal Hy aan jou sy bonatuurlike vrede en grenslose geleenthede gee om 'n seëning vir ander te wees. Maar ons het hierdie behoefte aan krag in ons lewens nodig. God dwing nie Homself aan enige van ons op nie. Om morele wesens te wees, moet ons vry wesens wees. En om waarlik vry in Christus te wees, moet ons 'n sin van verlatting (die wil om ons ou sondige en gevalle weë agter te laat) en 'n sin van durendheid (om te wil bly in die krag van die Heilige Gees) hê. Om werklik vry te wees, moet ons 'n volle oorgawe aan die beheer van die Heilige Gees maak. Maar hier is geen weerspreking nie. Ons vryheid word gevind in die vrymaking van die veroordeling en krag van sonde, wat ons altyd slawe maak en na die dood toe lei. As ons in stede hiervan onself aan die Here oorgee, skep ons ruimte vir die invulling van die Heilige Gees, en word ons nie langer veroordeel nie (*lees Rom. 8:1*), maar lei ons 'n lewe waar ons "nie volgens die vlees wandel nie, maar volgens die Gees". Dit is die enigste ware vryheid wat ons as sondige en gevalle wesens ooit kan ken.

## Vrae om te bespreek:

1. Sommig mense dink vryheid is die vermoë om enigiets te doen wat jy wil, wanneer jy wil, en hoe jy dit wil. Wat is verkeerd met hierdie konsep vanuit 'n Christelike perspektief? Wat is die bybelse idee van ware vryheid? (*lees Ps. 119:45, Luk. 4:18, Joh. 8:34-36, 2 Kor. 3:17, en Gal. 5:1.*)
2. Waarom is dit belangrik om die self op te gee en ons lewens ten volle toe te wend aan God, voordat die Heilige Gees op 'n magtige wyse deur ons kan werk? Wat kon God in jou vermag sodat jy 'n groter seën vir ander is indien jy jouself (ego) eenkant plaas, en jou hart oopmaak vir die werkinge van die Heilige Gees in jou?
3. "Die Christelike lewe is nie 'n wysiging of verbetering van die oue nie, maar 'n herskepping van die natuur. Dis 'n afsterwing van die ego en die sonde, en 'n totale nuwe lewe. Hierdie verandering kan net deur die werking van die Heilige Gees teweeggebring word."—Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, p. 172. Bespreek die implikasies van hierdie woorde in die klas.
4. Vergelyk die getuienis van 'n self-gesentreerde lewe met dié van 'n Gees-ervulde (*sien Donderdag se tabel*). Bespreek in die klas wat die grootste seëning van 'n Gees-beheersde lewe vir ons kan wees.

